TSHIPING
Water User Association

DEBITEURE BELEID

DEBITEURE BELEID MET BETREKKING TOT ALLE WATER HEFFINGS SOOS UITGESTUUR DEUR TSHIPING WATERGEBRUIKERSVERENIGING

Beleid Dokument:

2018

INHOUDS OPGAWE

1. AFKORTINGS 3
2. WOORDOMSKRYWINGS 3
3. AGTERGROND 3
4. WETLIKE MANDAAT VAN TWGV TOT DIE HANTERING VAN WATERHEFFINGS 4
5. HOE WORD UITSTAANDE REKENINGE HANTEER? 5
6. AANSOEK OM UITSTEL VAN BETALING VAN WATERHEFFINGS 5
7. VOORWAARDES WAARONDER DEBITEURE HANTEER WORD 6
8. DELEGASIE IN DIE HANTERING VAN UITSTAANDE WATERHEFFINGS 6
9. WYSIGING VAN DEBITEURE BELEID 6
10. DATUM VAN INWERKINGTREDING: 6

1. AFKORTINGS

HUB	Hoof Uitvoerende Beampte
DWS	Departement van Water en Sanitasie
MANCO	Bestuurskomitee
TWGV	Tshiping Watergebruikersvereniging
WGV	Watergebruikersvereniging

2. WOORDOMSKRYWINGS

Die woorde hieronder het die volgende betekenis, tensy spesifiek anders verduidelik word:

2.1. **"area"** of **"bestuurseenheid"** beteken die goedgekeurde area van Tshiping Watergebruikersvereniging, naamlik die D41J en D73A opvangsgebiede soos afgekondig in die Staatskoerant.

2.2. **"bestuursgebied"** beteken 'n gebied wat as 'n bestuurseenheid waarbinne 'n waterbestuursinstelling die beskerming, gebruik, ontwikkeling, bewaring, bestuur en beheer van waterhulpbronne sal toepas;

2.3. **"beleide"** beteken 'n riglyn of beginsel van aksie wat deur 'n organisasie of individu aangeneem of voorgestel word om 'n doelbewuste stelsel van beginsels te bereik om besluite te neem om rasionele uitkomste te bereik.

2.4. **"boorgat"** beteken en sluit in enige boorgat, put, uitgrawing of enige onnatuurlik gemaakte of ondergronds verbeterde holte wat gebruik kan word vir die doel van:

2.4.1. Onderskepping, onttrekking of storing van water in of verwydering van water van die bron; of

2.4.2. Waarneming en invordering van inligting van die bron; of

2.4.3. Aanvulling van die bron.

2.5. **"magtiging"** beteken 'n reg om water te gebruik ingevolge enige bepaling van hierdie Wet of in terme van 'n instruksie uitgereik ingevolge hierdie Wet;

2.6. **"minister"** beteken die Minister van Water en Sanitasie

2.7. **"nasionale water wet"** of **"wet"** beteken die Nasionale Water Wet, Wet 36 van 1998

2.8. **"reëls & regulasies"** beteken goedgekeurde skema regulasies en reëls.

2.9. **"WGV en waterbestuursinstelling"** beteken 'n opvanggebiedbestuursagentskap, 'n watergebruikersvereniging, 'n liggaam verantwoordelik vir internasionale waterbestuur of enige persoon wat die funksies van 'n waterbestuursinstelling vervul ingevolge hierdie Wet;

2.10. **"waterdraer of bron"** beteken 'n geologiese vorming / gesteente wat strukture bevat wat water terughou of waterbeweging toelaat;

2.11. **"water bron"** beteken en sluit in 'n waterloop, oppervlakte water, riviermonding of waterdraer.

2.12. **"water tariewe / heffings"** beteken 'n fooi, prys of heffing ingestel volgens die Wet.

3. AGTERGROND

3.1. Tshiping Watergebruikersvereniging is reeds sedert 28 Februarie 2008 afgekondig as 'n WGV en Waterbestuursinstelling deur die destydse Minister van Waterwese en Bosbou. Deel van die belangrike funksies van die WGV was dan ook die bepaling van toepaslike water heffings van toepassing op die verskillende gebruikers sektore binne die bestuursarea van die WGV.

3.2. Die invordering van hierdie water heffings was en word steeds gesien as een van die belangrikste hoekstene vir die effektiewe en volhoubare funksionering van TWGV. Hierdie beleid het dit dan ten doel om die lid breedvoerig in te lig oor die hantering van Water Tariewe / Heffings ten opsigte van Water Gebruikers in die bestuursgebied van die WGV ten bate van TWGV en sy lede.

4. WETLIKE MANDAAT VAN TWGV TOT DIE HANTERING VAN WATERHEFFINGS

4.1. Die volgende toepaslike artikel uit die Nasionale Water Wet (Wet No 36 van 1998) bevestig die mandaat en pligte soos deur die Minister aan Tshiping WGV oorgedra is.

4.1.1. In terme van Artikel 63(1)(c), word daar bevestig dat Tshiping WGV wel as Waterbestuursinstelling deur die Minister aangekondig en bevestig word.

4.2. Meegaande tot hierdie afkondiging het die Minister ook die Grondwet van TWGV goedgekeur soos voorsiening gemaak in Bylaag 5 van die Water Wet.

4.3. Die Grondwet van TWGV bevestig ook onder Afdeling 3(f)(g)(h) in die algemeen oor die hantering en bepalings van water heffings. Hierdie doelwitte word dan ook in verdere besonderhede bepaal en aangespreek in dokumente soos die, Reëls & Regulasies en Beleide.

4.4. Meer spesifiek word die heffings en invorderings ook volledig beskryf binne die Grondwet van TWGV onder Afdeling 18, sub gedeeltes 1 tot 5.

4.5. Verder word Bylaag 4 van die Water Wet ook voorgehou as riglyn oor hoe ‘n waterbestuursinstellings moet funksioneer in terme van hul finansiële aangeleenthede, en meer spesifiek in Afdeling 23, 29 en 32.

4.6. Artikel 60(1) bevestig dat water heffings ingesluit rente, 'n heffing is teen die grond / eiendom met huidige eienaar sonder om noodwendig die betrokke / vorige gebruiker kwyt te skel van sy / haar verpligtinge in terme van die vorige watergebruik.

4.7. Artikel 59(3) is bepalend ten opsigte van twee aspekte.

4.7.1. Eerstens sal uitstaande / agterstallige water heffings betaalbaar wees met rente, teen die betrokke rentekoers soos van tyd tot tyd afgekondig deur die Minister in die Staatskoerant.

4.7.2. Tweedens kan gemagtigde water gebruik opgeskort, gedeeltelik of algeheel gestaak word (soos deur die Wet voorsiening maak) totdat die water heffing plus rente ten voile betaal is.

4.8. Water heffings word voorgelê vir goedkeuring deur die Bestuurskomitee van Tshiping WGV op ‘n begrotings vergadering met die lede en word amptelik bekend gemaak gedurende Maart van elke jaar en ook op die webblad van TWGV geplaas.

5. HOE WORD UITSTAANDE REKENINGE HANTEER?

5.1. Daar word hoofsaaklik na drie tipes / kategorie water heffings verwys:
  5.1.1. Landbou / Besproeiing gebruiksregte.
  5.1.2. Nywerheid / industriële / Mynbou gebruiksregte.
  5.1.3. Grootmaat Dienste / Plaaslike Regering gebruiksregte.

5.2. Water heffings / rekeninge word 6 maandeliks gefaktureer gedurende Junie en Desember van elke jaar en is betaalbaar binne 30 dae na die einde van daardie maand. Toepaslike rente word gehef op rekeninge 30 dae en ouer.

5.3. Rekeninge wat 90 dae uitstaande is, sal die volgende aksies tot gevolg het:
  5.3.1. lnligting word oorhandig aan Regsverteenwoordigers vir invordering.
  5.3.2. Watergebruik kan gedeeltelik of algeheel gestaak word.

5.4. lndien enige gebruiker in gebreke is na die betrokke betaal datum word die eerste aanmaning vroeg (eerste week) van die daarop volgende maand aan die gebruiker gepos / per e-pos gestuur. 'n Opvolg aanmaning word dan later dieselfde maand aan die betrokke gebruiker of verteenwoordiger gestuur per SMS boodskap.

5.5. Dit is elke gebruiker se verantwoordelikheid om seker te maak en toe te sien dat betalings betyds gemaak word en dan ook so weerspieël in die bankrekening van TWGV. Geen rente sal teruggeskryf word as gevolg van laat betalings nie.

5.6. Dit is die verantwoordelikheid van elke gebruiker om te verseker dat sy / haar kontakbesonderhede op datum is by die kantoor van TWGV.

6. AANSOEK OM UITSTEL VAN BETALING VAN WATERHEFFINGS

6.1. Geen aansoek om uitstel of vrystelling van water heffings word toegelaat nie.

6.2. In die afwesigheid van betaling van water heffings sal die nodige stappe in terme van die Water Wet (No 36 van 1998) geneem word om water onttrekking te staak vanaf 1 September of 1 Maart.

6.3. Onttrekking van water sal slegs gemagtig word nadat alle uitstaande bedrae vereffen is deur die gebruiker / regsentiteit. Geen gedeeltelike betaling vir gedeeltelike onttrekkings punte sal aanvaar word vir magtiging van onttrekking by sekere punte nie.

6.4. lndien die gebruiker steeds in gebreke bly tot betaling van agterstallige rekening/e op 1 April of 1 Oktober sal die inligting oorhandig word vir invordering, inklusief kostes, deur TWGV se Regsverteenwoordiger.

6.5. Hierdie gebruiksreg sal slegs weer beskikbaar wees na bewyslewering van volle betaling van uitstaande gelde.

7. VOORWAARDES WAARONDER DEBITEURE HANTEER WORD

7.1. Op grond van meriete en goedkeuring sal die volgende voorwaardes geld soos bepaal deur die Bestuurskomitee:

7.1.1. Gedeeltelike betaling (10% tot 90%) kan aanvaar word as onmiddellike betaling van die totale rekening.
7.1.2. Die restant rekening kan in een of meer maandelikse paaiemente betaal word.
7.1.3. Alle uitstaande rekeninge of oorblywende gedeelte daarvan sal ten voile betaalbaar wees teen 31 Mei of 30 November.
7.1.4. Afwesigheid in prestasie rondom betaling van die uitstaande rekening sal tot gevolg hê dat water onttrekking gestaak sal word.
7.1.5. Geen tjeks word aanvaar as betaling van rekeninge, slegs bewys van elektroniese inbetaling of bank deposito sal aanvaar word.
7.1.6. Daar berus geen verantwoordelikheid op die Vereniging om uitstel te verleen aan enige gebruiker nie.

8. DELEGASIE IN DIE HANTERING VAN UITSTAANDE WATERHEFFINGS

8.1. Daar word bevestig dat die toepaslike gedelegeerde partye, tans die Manco, oorweging skenk en 'n besluit neem in terme van hierdie beleid en op geen ander basis of gronde nie.

8.2. As deel van die proses om deursigtigheid en objektiwiteit te bevorder sal alle uitstaande rekenings op die agenda van die Bestuurskomitee van die Vereniging verskyn ter kennisname en hantering daarvan.

9. WYSIGING VAN DEBITEURE BELEID

9.1. Hierdie beleid word as bindend beskou op alle lede en watergebruikers in die bestuursgebied van TWGV. Toekomstige wysigings mag plaasvind met die hoofdoel om die effektiewe funksionering van die Vereniging te bevorder. So 'n opdatering of wysiging sal deur die Bestuurskomitee oorweeg word en dus deur die Bestuurskomitee bekragtig word.

10. DATUM VAN INWERKINGTREDING:

Hierdie beleid is goedgekeur deur ‘n meerderheid van lede teenwoordig op ‘n Bestuursvergadering gehou op -

Gedateer te POSTMASBURG op hierdie _____ dag van _____ 2018.

_____

MNR J KOTZE - VOORSITTER